U word vriendelik versoek om vir die volle duur van die eredienste u masker te dra en om deurentyd gesonde afstand te handhaaf.

VERJAARDAE HIERDIE WEEK

Die volgende lidmate word hartlik gelukgewens met hulle verjaardae. Mag dit vir u en u dierbares 'n baie geseënde nuwe lewensjaar wees

29 Aug **Cecile Snyman,** Wyk 8
Marlise Stoop, Wyk 18
30 Aug **Susan Coetzer,** Wyk 11

Kerklike bydrae en kollektes se inbetalings in die onderskeie rekeninge

Lidmate word daaraan herinner om in hierdie grendeltyd u **maandelikse kerkbydraes** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan. **Bydraes vir die diakonie** asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word. Besonderhede van die rekeninge** word hier onder gegee.

Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom**
Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.**
Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**
Bank: FNB Potchefstroom.

Kollekte: Bybelverspreiding
Doel: Om die Bybelgenootskap van SA by te staan met die druk en verspreiding van Bybels.

Ons gemeenteblad "Op die Kerkwerf" verskyn elke week op die webwerf (www.gkpotchefstroom.co.za). Die preke van Sondae word op WhatsApp asook op die Webwerf uitgestuur

Die Kerkblad

Ondersteun Die Kerkblad asseblief. Lidmate wat graag wil inteken op Die Kerkblad, kan met Prof Callie of ouderling Piet Aartsma skakel. Die voortbestaan van ons blad is afhanklik van soveel intekenare as moontlik. Intekengelde is R323 per jaar vir die harde-kopie en R135 vir die elektroniese kopie (11 uitgawes).



Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 37, nr 32 Sondag 29 Augustus 2021
REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL 082 864 4422
rudynell@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 18:00 **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
Kantoor 018 294 4600 Faks: 086 610 9283 **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
Orrelis: Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** **Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384**
E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte by eredienste en by Huis Eikelaan om 15:30: Ouderling wyk 11 **Lappies Labuschagne** en wyk 12 **Nico Spaumer.**
Diaken: Wyke 11 en 12 **Gert Kruger**

EREDIENSTE Albei dienste waargeneem deur ds Jannes van Dyk

Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers

Oggenddienste om 9:00 en 11:00: Eredienste ook per whatsapp

Ons vier vanoggend die sakrament van die heiligeNagmaal.

Nagmaalbediening in kerk deur ds Jannes en tegelykertyd in die kerksaal deur prof Callie.

OGGEND: Woordbediening: Psalm 103 (AFR'53).
Fokusvers: Psalm 103: 14 - 18.
TEMA: ***Die HERE versterk sy kind in verganklikheid met tekens en seëls van sy goedertierenheid.***
Sing: Psalm 118: 2, 12; Psalm 51: 1, 5; Psalm 90: 1, 2, 3; Skrifberyming 17-3: 1, 2; Psalm 116; Psalm 103: 1, 8, 9.

AAND:Woordbediening: Matteus 6: 5 - 15; 18: 15 - 35.
Fokusvers: Matteus 6: 12; 18: 21 - 22.
Belydenis: Heidelbergse Kategismus, Sondag 51 V&A 126.
Sing: Psalm 32: 1, 6; Psalm 130: 1, 2; Psalm 103: 2, 3, 11.

Kollektes vanoggend: ***Diens van Barmhartigheid*** in die blou sakkies en vir ***Bybelverspreiding*** in die rooi sakkies.
Vanaand: *Diens van Barmhartigheid* en *Kerkkas*

Ds Hendrik Verryn van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Suid sal DV die preekbeurt vanmiddag om 15:30 by Huis Eikelaan waarneem.

LIEF EN LEED

Nico Spaumer sterk steeds aan na sy hartomleidingsoperasie. Ons dank ons hemelse Vader saam met hom en Sarie en hulle dierbares vir die geseënde uitkoms en bid dat die herstelproses ook verder geseënd sal verloop.

DJ Stoop, jongste seun van **Danie en Marlise Stoop** het positief getoets vir Covid en die familie is in isolasie. Ons bid **DJ** spoedige herstel en lewens-kwaliteit toe en dat die Here hom in die rekord-eksamen krag en sterkte sal gee terwyl hy aansterk.

Prof. Callie Coetzee het Donderdag 'n ondersoek deur sy kardioloog ondergaan. Ons bid prof. Callie en Susan goeie gesondheid en lewenskrag toe. Mag die Here u met sy troue liefde naby wees.

Ons doen voorbidding vir **Japie van Jaarsveld** wat nog gereeld bestraling ontvang. Mag ons hemelse Vader u en Christa met alle goeie dinge bystaan en uit sy liefde aan u beterskap skenk.

Ons verseker **Naomi Frazer** van ons voor-bidding vir haar. Sy moet DV môre in die Mooimed Hospitaal 'n oogoperasie ondergaan. Mag u deur die prose-dure lewenskwaliteit uit die hand van die Here ontvang.

Jesse en Stienie Niemand het positief getoets vir Covid en is nou in isolasie. Gelukkig het hulle die Johnson inspuiting al gekry. Ons bid hulle genesing en 'n spoedige herstel toe.

Baie dankie aan **Babs Botha** en **Chris van Ryssen** wat elke week *Op die Kerkwerf* in Huis Eikelaan versprei. Dit word baie op prys gestel.

VAN ONS KERKRAAD

Vergadering van ouderlinge met diakens

Ouderlinge en diakens moet asb 'n aantekening maak van die vergadering van ouderlinge met diakens Sondagaand 12 September ná die aanderediens.

BYBELSTUDIES

Di	31/08	15:00	Huis Eikelaan	Groot saal o.l.v. prof Callie
Wo	1/09	18:30	Jeugkamer	Daniël 7 (vervolg)
Do	2/09	09:30	Kerkkantoor	Handelinge 7 (vervolg)
		18:30	Kontak: Virtueel	Paul Krüger of Frieda Theron

Katkisasie

			Vandag 5 September	Sondag 11 September
Lesrooster: **Psalmvers:**			Les 16 en Sondag 16 Psalm 25: 2	Les 17 en Sondag 17 Psalm 27: 1A
Katkisasie toesig:			Ouderling wyk 13: Graad 3 & 4 Ouderling wyk 14: Graad 5 & 6	Ouderling wyk 15: Graad 7 Ouderling wyk 16: Graad 11
Wo	1/09	14:30	2021 Belydenisklas	HK Sondag 17, 18 & 19
		15:30	Graad 8, 9 katkisasie	Les 12

Die spesiale kollektes in Augustus/ September 2021 gaan vir:

Sondag	29 Augustus	**Bybelverspreiding**
Sondag	5 September	Dep Jeugsorg
Sondag	12 September	Bystandsfonds vir Diakonieë (SDDS)
Sondag	19 September	Uitdra Evangelie
Sondag	26 September	Emeritaatsversorging

POPIA

In lyn met die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting word lidmate wat nie wil hê dat hulle persoonlike inligting in *Op die Kerkwerf* gepubliseer moet word nie, die kerkkantoor asseblief onverwyld daarvan in kennis stel. In u kennisgewing moet u asseblief ook duidelik stipuleer watter inligting weerhou moet word. Die *Op die Kerkwerf* wat op die webblad geplaas sal word, sal geen kontak-nommers of adresse bevat nie, slegs inligting wat die onderlinge meelewing sal bevorder (byvoorbeeld: siekte, sterfte of verjaardae). Indien u nie wil hê dat hierdie inligting elektronies gepubliseer moet word nie, moet u dit asseblief so aan die kerkkantoor deurgee.

DIAKONIE SE KOSKAS

Vir die Diakonie se koskas: gooi 'n ietsie ekstra in u koswaentjie en bring dit kerk toe.